

# TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: NG Kerk Middelburg Moedergemeente    Sinode: NG Kerk in Oos-Kaapland

## Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by [www.ngkok.co.za/eenheid](http://www.ngkok.co.za/eenheid). Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

## A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle  
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]  
..      Kerkraad  
X      Wyke  
X      Kleingroepe  
X      Lidmate: byeenkoms  
..      Lidmate: individueel  
..      Ander: .....
2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?  
X      Ja  
..      Nee

## B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?  
Mening oor die voorstel?

Al die wyke / groepe het punt 1 aanvaar as 'n uitdrukking van hulle gevoel oor die saak.

Wyk 1 het bygevoeg dat alhoewel die teologiese inhoud van Belhar aanvaarbaar is, die gevaar nog steeds bestaan dat dit teen die agtergrond van politieke en emosionele faktore gelees kan word en dat lidmate dan die kerk kan verlaat.

Nuwe/ ander voorstelle?

Wyk 1 het die gedagte geopper dat daar na die vorming van die nuwe algemene sinode direk beging word met die skryf van `n gesamentlike belydenisskrif vir die vier kerke.

### C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Almal aanvaar hierdie punt met die volgende opmerkings:

1. Een lidmaat oordeel dat dit nie in die korttermyn sal realiseer nie;
2. In die proses moet lidmate groter duidelikheid gegee word oor die rol van die kerk in die apartheidsera;
3. Een wyk oordeel dat die inrigting van die plaaslike gemeente (nl. in die herenigingsproses) nie soveel mag verander dat veral ouer lidmate vervreem word nie;
4. Een wyk spreek kommer uit oor die toekoms van die derde wat dalk by 'n eventuele stemming nie saamstem nie;
5. Een wyk vra aandag vir verwarring oor lidmate en voel;
6. Dat die proses nie gedryk moet word op grond van praktiese diversiteit nie, maar op basis van die Christelike geloof.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

**D. Gesamentlike projekte**

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Word algemeen aanvaar as die aangewese weg. Niemand het daarvan verskil nie. Wel merk een wyk op dat projekte met oorleg gekies sal word om moontlike kultuur botsings te vermy, maar ook om lewensvatbaar en volhoubaar te wees.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

A large, empty rectangular box with a thin black border, intended for handwritten notes or answers to the question above.

Nuwe/ ander voorstelle?

A large, empty rectangular box with a thin black border, intended for handwritten notes or answers to the question above.

## E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Met groot instemming onderskryf.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

**F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband**

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

NGK (nl. Die naam voor al die afskeidings gekom het sedert 1881). Liggaam van Christus, kerk van Christus.

.....

**Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.**

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

**Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055